

PRAGTIG IN PRETTIGE STREPE

Lyk sexy in vrolike
wit en vloodblou
strepe! Brei dié
modieuse trui met
die hand of met die
masjien



PRAGTIG IN PRETTIGE STREPE

VIR HANDBREIWERK

Patroon en ontwerp deur PINGOUIN-ateljee.

BENODIGDHEDE: Pingouin Image 4-draad (25-g-bolle); 7(8; 9; 9; 10) bolle marine (kleur 15, A), 6(7; 8; 8; 9) bolle Aran (kleur 14, B); paar elk breinaalde van 2 mm en 3,25 mm.

Let wel: tensy genoemde gare gebruik word, kan Pingouin geen verantwoordelikeid vir die voltooide werk aanvaar nie.

MATE: om borsmaat van 87-92(97; 102; 107; 112) cm lossies te pas; ware grootte 104(108; 112,5; 117; 121) cm; lengte tot halsrand van agterpant 62(65; 69; 72; 74) cm; moulengte 55(57; 59; 61; 63) cm.

SPANNING: spaar tyd deur 'n spannings-toets te doen. 27 ste en 35 rye = 10 x 10 cm oor ks met 3,25-mm-Ne.

AFKORTINGS: ks – koussteek; r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek (steke); N(e) – naald(e); beg – begin; vlg – volgende; alt – alternatiewe; herh – herhaal; oorbl – oorblywende; RK(VK) – regte(verkeerde) kant van werk; rw – riffelsgewys; weersk – weerskante; rif – riffelsteek, r1, aw1 deurgaans; pat – patroon.

AGTERPANT: gebruik 2-mm-Ne en A, stel 140(146; 152; 158; 164) ste op, brei 8 cm rif.

Slaan oor na 3,25-mm-Ne en streep-pat, brei *20 rye B, 20 rye A*; herh van * tot * tot werk 39(42; 44; 46; 48) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Mousgatvorming: heg 12(13; 14; 15; 16) ste af aan beg van vlg 2 rye – 116(120; 124; 128; 132) ste.

**Brei streep-pat tot werk 62(65; 69; 73;

74) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Skouer- en halsvorming, vlg ry: r41(42; 44; 45; 46) ste en plaas hulle op 'n reserwenaald vir regterskouer. Heg 34(36; 36; 38; 40) ste af, r tot einde.

**Brei voort op 41(42; 44; 45; 46) ste wat oorbly vir linkerskouer.

[Heg 8(8; 8; 9; 9) ste af aan beg van vlg ry, 3 ste aan beg van daaropvlg ry] 3 keer.

Heg oorbl 8(9; 11; 9; 10) ste af. Heg gare aan halsrand van ste op reserwenaald vas en voltooi met omgekeerde volgorde van *** tot einde.

VOORPANT: soos agterpant tot **, mousgatvorming ingesluit, maar tot werk 56(61; 65; 69; 70) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Halsvorming, vlg ry: r46(47; 49; 50; 51) en plaas dié ste op 'n reserwenaald vir linkerdeel, heg 24(26; 26; 28; 30) ste af, r tot einde.

Brei voort op 46(47; 49; 50; 51) ste op breinaald vir regterdeel.

Brei 1 ry aw.

Halsvorming, vlg ry: ****Heg 4 ste af aan beg van vlg ry, 2 ste aan dieselfde kant in vlg ry en daaropvlg 3 alt rye – 32(33; 35; 36; 37) ste.

Brei tot werk so lank soos agterpant tot skouervorming is.

Skouervorming: heg 8(8; 8; 9; 9) ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg 2 alt rye.

Brei 1 ry pat. Heg oorbl ste af.

Heg gare aan halsrand van oorbl ste vas en voltooi tweede kant met omgekeerde vorming van **** tot einde.

MOUE (2): gebruik 2-mm-Ne en A en stel 74(80; 86; 92; 98) ste op.

Brei 7 cm rif. Slaan oor na 3,25-mm-Ne en brei 8(14; 2; 10; 18) rye A, brei daarna voort in strepe soos uiteengesit vir agterpant, maar vermeer **terselfdertyd** 1 st aan weersk van elke 6e ry, 10(10; 10; 6; 4) keer, daarna elke vlg 8e ry 11(11; 11; 15; 17) keer – 116(122; 128; 134; 140) ste.

Brei streep-pat tot werk 55(57; 59; 61; 63) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry. Heg af.

Halsstrook: werk regterskouernaat toe. Met RK voor, 2-mm-Ne en A, tel op en r 76(78; 78; 80; 82) ste uit halsrand van voorpant en 46(48; 48; 50; 52) ste uit halsrand van agterpant – 122(126; 126; 130; 134) ste.

Brei 4 cm rif en heg lossies rifs-gewys af.

AFWERKING: werk linkerskouer- en halsrandnaat aaneen toe. Werk afhegrande van moukoppe aan syrande van mousgate vas, plaas middel van moukop teenaan skouernaat. Werk sy- en mounate vas, sorg dat strepe ooreenstem. Vou halsstrook in helfte na binnekant om en glipsteek vas. Moenie pars nie.

VIR MASJIEBREIWERK

Patroon en ontwerp deur PINGOUIN-ateljee.

BENODIGDHEDE: Pingouin Image (500-g-keëls); 160(170; 185; 200; 200) g marine (kleur 15, H) en 140(150; 160; 170; 180) g Aran (kleur 14, K).

MATE: om borsmaat van 87-92(97; 102; 107; 112) cm lossies te pas; ware grootte 104(108; 112,5; 117; 121) cm; lengte tot skouer 62(65; 69; 72; 74) cm; mounaat 55(57; 59; 61; 63) cm.

SPANNING: spaar tyd deur 'n spannings-toets te doen. 27 ste en 35 rye = 10 x 10 cm oor ks, met spanning ongeveer HS-8.

AFKORTINGS: rt – ryteller; R(H)S – riffel(hoof)spanning; plo – plaas oor; W(H)P – werk(hou)posisie; beg – begin; alt – alternatiewe; vlg – volgende; ks – koussteek; H –

hoofkleur; K – kontraskleur; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; gl – glip; RK(VK) – regte(verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante; rif – riffelsteek.

AGTERPANT: gebruik H en stel 140(146; 152; 158; 164) ste op vir 1x1-rif. RS, rt-0, r tot rt-30. Plo vir ks. HS, rt-0, brei strepe van *20 rye K, 20 rye H*; herh van * tot * deurgaans; brei tot rt-110(118; 126; 134; 140).

Mousgatvorming: heg 12(13; 14; 15; 16) ste af aan beg van vlg 2 rye – 116(120; 124; 128; 132) ste. Rt-0**, r tot rt-80(84; 88; 92; 94).

Skouer- en halsvorming: gebruik 'n afsonderlike stuk gare en heg middelste 34(36; 36; 38; 40) ste af.

Aan teenoorgestelde kant van slee plaas 41(42; 44; 45; 46) Ne in HP.

[Heg 8(8; 8; 9; 9) ste af aan beg van hierdie ry en 3 ste aan halsrand van vlg ry], 3 keer altesaam.

Heg oorbl 8(9; 11; 9; 10) ste af.

Voltooi tweede kant met omgekeerde vorming.

VOORPANT: soos agterpant tot **

Brei tot rt-64(68; 72; 76; 78).

Halsvorming: gebruik 'n afsonderlike stuk gare en heg middelste 24(26; 26; 28; 30)ste af. Aan teenoorgestelde kant van slee plaas 46(47; 49; 50; 51) Ne in HP. Brei 1 ry. Heg aan beg van hierdie ry en die vlg alt rye een keer 4 ste af, 4 keer 2 ste, dan 1 st 2 keer – 32(33; 35; 36; 37) ste. Brei tot rt-80(84; 88; 92; 94), brei dan skouervorming soos uiteengesit vir skouer van agterpant.

Voltooi tweede kant met omgekeerde vorming.

MOUE (2): gebruik H, stel 74(80; 86; 92; 98) ste vir 1x1-rif op. RS, rt-0, brei tot rt-26.

Plo vir ks. HS, rt-0, slaan oor na streep-pat, brei 8(14; 2; 10; 18) rye H, brei dan voort in strepe soos uiteengesit vir agterpant, maar vermeer **terselfdertyd** 1 st aan weersk van elke 6e ry, 10(10; 10; 6; 4) keer, daarna elke 8e ry 11(11; 11; 15; 17) keer – 116(122; 128; 134; 140) ste.

Brei tot rt-168(174; 182; 190; 198) en heg af.

HALSSTROOK: gebruik H, stel 122(126; 126; 130; 134) ste vir 1x1-rif op. RS, rt-0, brei tot rt-14. Heg af.

AFWERKING: werk skouernaat toe. Werk afhegrand van moukoppe aan syrande van mousgate vas, plaas middel van moukop teenaan skouernaat.

Werk sy- en mounate toe, sorg dat strepe ooreenkom.

Werk naat van halsstrook toe. Werk afhegrand van halsstrook aan halsrand vas. Vou in helfte na binnekant om en glipsteek vas.

Moenie pars nie.